**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 JULIE 2021 OM 10:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. C Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Daniels open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**BKN002/07/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer A de Vries – afwesig met verskoning
Direkteur Finansiële Dienste – vakansieverlof

***

**BKN003/07/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste verklaar sy persoonlike belang by **BKN026**.

***

**BKN004/07/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 JUNIE 2021**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter hou die notule voor vir goedkeuring.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na bladsy 9. Die Direkteur Tegniese Dienste meld dat die tabel, soos bespreek in die vergadering van Dinsdag 22 Junie 2021, nie in die korrekte volgorde was nie en was die volgorde van die tabel gewysig tydens die proeflees proses.

Die Voorsitter versoek dat die notule van Dinsdag 22 Junie 2021 'n juiste weergawe moet wees van die vergadering soos gehou en dat die notule soos volg reggestel word om dit te weerspieël:

***BKN055/06/2021***
***TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: MIG***

*Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in. Raadsdame Crafford gee addisionele inligting tot die item onder bespreking, met spesifieke verwysing na die insluiting van die genoemde projekte in die goedgekeurde begroting 2021/2022.*

*Die Direkteur Gemeenskapsdienste versoek dat Sport MIG projekte ook ingesluit word by die lys van projekte.*

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL***

*That the undermentioned MIG projects be approved in the Municipal Budget of **2021/2022 and 2022/2023** by Council.*

***2021/2022 MIG Projects**:*

| | |
|---|---|
| • *PV Upgrading of Roads* | *R 3 904 032* |
| • *PB Netball Courts* | *R 3 500 000* |
| • *PB Sidewalks* | *R 1 333 762* |
| • *VD St Christopher Sewer* | *R 560 892* |
| • *RH WWTW* | *R 3 000 000* |
| • *AUR WWTW* | *R 2 300 000* |
| • *PMU* | *R 768 350* |
| | ***R 15 367 000*** |

***2022/2023 MIG Projects**:*

- *PMU*
- *EK Sidewalks (lowcost)*
- *VD Sidewalks (lowcost)*
- *AUR Sidewalks (lowcost)*
- *RH Sidewalks (lowcost)*
- *PB Sidewalks*
- *PV Sidewalks*
- *PB Reservoir*

*R 800 850*
*R 2 000 000*
*R 3 000 000*
*R 1 000 000*
*R 1 000 000*
*R 2 000 000*
*R 2 000 000*
*R 4 216 150*
***R 16 017 000***

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 22 Junie 2021, bekragtig word met die bostaande regstelling.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/07/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 JUNIE 2021**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder hou die Implementeringsverslag voor vir kennisname.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 22 Junie 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN006/07/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/07/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Adams-ondersoek en rapporteer dat 'n vertraging ondervind word met die afdeling/beampte wat die ondersoek doen en dat sy enige terugvoer, soos ontvang, aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede sal kommunikeer.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/07/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

LEED

1. Dat mnr. D Wiid, oud Uitvoerende Burgemeester van Velddrif Munisipaliteit, oorlede is; en

2. Dat mnr. E Manuel, oud Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, se suster oorlede is.

Hy wens alle families sterkte toe in hierdie tyd wie 'n familielid aan die dood afgestaan het.

LIEF

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste vandag, Dinsdag 27 Julie 2021, verjaar; en

2. Dat die Direkteur Tegniese Dienste op Saterdag 10 Julie 2021 verjaar het.

Hy wens hulle asook al die amptenare wat in Julie 2021 verjaar het, baie geluk en voorspoed met die viering van hul verjaarsdae.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Dat voorbidding gevra word vir alle amptenare van Bergrivier Munisipaliteit wat familie/vriende aan die dood afgestaan het/in die hospitale opgeneem is en/of COVID-19 positief is.

***

***(Die Voorsitter reël dat BKN022/07/2021 eerste bespreek word)***

**BKN009/07/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/07/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/07/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: KLEINBOERE**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die verslag terugverwys word na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021 en daarna vir bespreking by die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN012/07/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SKENKING VAN GED. 46, GROOT 83m$^2$, GEDEELTE VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN NR.184, PIKETBERG, AAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die skenking van Gedeelte 46 (gedeelte van Gedeelte 27) van die Plaas Rietfontein Nr. 184, Piketberg, Groot 83m$^2$, deur die plaas Org de Rac aan Bergrivier Munisipaliteit aanvaar word met die voorwaarde dat die koste deur die munisipaliteit gedra word vir ‘n gemeterde wateraansluiting na die plaas Org de Rac.

***

**BKN013/07/2021**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MIG**
**9/1/2**
***(Die gewysigde besluit word visueel voorgelê – Bylae D)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

Hy lig die Komitee in dat die gewysigde besluit soos volg lees.

**RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That the undermentioned MIG projects be approved in the Municipal Budget of **2021/2022 and 2022/2023** by Council.

***2021/2022 MIG Projects:***

| | |
|---|---|
| • *St Christopher Sewer* | *R 544 055* |
| • *PV Upgrading of Roads* | *R 3 904 032* |
| • *RED Sidewalks (Low Cost)* | *R 1 000 000* |
| • *PV Sidewalks (Low Cost)* | *R 1 500 000* |
| • *VD Sidewalks (Low Cost)* | *R 1 500 000* |
| • *PB Sidewalks (Low Cost)* | *R 3 000 000* |
| • *EK Sidewalks (Low Cost)* | *R 2 000 000* |
| • *AUR Sidewalks (Low Cost)* | *R 1 000 000* |
| • *PMU* | *R 756 700* |
| | ***R15 134 000*** |

***2022/2023 MIG Projects:***

| | |
|---|---|
| • *PB Netball Courts* | *R 3 500 000* |
| • *RH Wastewater Treatment Works* | *R 3 000 000* |
| • *AUR Wastewater Treatment Works* | *R 2 300 000* |
| • *PB Reservoir* | *R 5 444 150* |
| • *VD Sidewalks* | *R 1 500 000* |
| • *PMU* | *R 800 850* |
| | ***R16 545 000*** |

***

**BKN014/07/2021**
**TECHNICAL DEPARTMENT: FLEET MANAGEMENT: AMENDMENT OF APPROVED ORGANOGRAM**
**4/1/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN015/07/2021**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN ERF 1002 PORTERVILLE MEENTGROND**
**PTV 1002; 7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Bestuurder: Strategiese Dienste om verdere gesprekke met die Departement Landbou te fasiliteer; en

2. Dat die item verwys word na die Formele Direksievergadering vir bespreking, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN016/07/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for May 2021.

***

**BKN017/07/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: MEI 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na die verskeie foute in die verslag. Die Munisipale Bestuurder versoek die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste om ‘n gewysigde verslag aan die Raadslede te versprei voor aanvang van die Raadsvergadering op Dinsdag 27 Julie 2021 om 14:00.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the May 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and
2. That Council take note that a total of R1 470.49 expenditure incurred during the month of May 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***

**BKN018/07/2021**
**VLOEIDIAGRAM VIR DIE DEPARTEMENT INKOMSTE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat alle direkteure vloeidiagramme opstel en implementeer om dienslewering te verbeter.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat kennis geneem word van die departement inkomste se proses, soos voorgestel in die vloeidiagram aangeheg tot die verslag.

***

**BKN019/07/2021**
**APPLICATIONS FOR ASSISTANCE RECEIVED BY OUR COMMUNITY IRO THEIR MUNICIPAL ACCOUNTS**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Formele Direksievergadering vir bespreking, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021; en

***DIREKTEUR FINANSIÊLE DIENSTE***

2. Dat die item daarna by die Staande Komiteevergadering van Finansiële Dienste bespreek word.

***

**BKN020/07/2021**

**<u>2019/20 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003): CORRECTED VERSION</u>**

**9/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council takes note of the updated version of the 2019/20 Annual Report.

***

**BKN021/07/2021**

**<u>2020/21 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2021 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**

**4/7/6; 5/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Raadsdame Crafford versoek dat die Bestuurder: Strategiese Dienste / Bestuurder: Finansiële State en Beheer 'n vervangende verslag aan die Raadslede versprei voor die aanvang van die Raadsvergadering, Dinsdag 27 Julie 2021 om 14:00.

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April - 30 June 2021) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2021.

***

**BKN022/07/2021**

**<u>PERFORMANCE BONUS OF MR MARIUS WüST FOR THE 2019/20 FINANCIAL YEAR</u>**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That Council approves the payment of a 14 % performance bonus to Mr. Marius Wüst for the period 01 July 2019 – 31 August 2019.

***

**BKN023/07/2021**
**STATUS OF THE THREE HOUSING PROJECTS (EENDEKUIL, PIKETBERG AND PORTERVILLE)**
**17/5/1**
***(‘n Visuele voorlegging word gedoen deur die afvaardiging – CK Rumboll en Vennote)***

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item breedvoerig in. Die afvaardiging gee ‘n opsommende samevatting per dorp.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met betrekking tot die waterlisensie, erwe by Riemvasmaak, Piketberg en tydlyne vir afhandeling van die projekte, asook beskikbare befondsing.

Die Voorsitter versoek Raadslid Du Plooy om die item by die Staande Komitee vergadering van Gemeenskapsdienste te bespreek.

Die Voorsitter bedank die afvaardiging vir die voorlegging.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the status and the unfolding process relevant to the three housing projects as detailed in the report.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

***(‘n Kort breek word toegestaan vanaf 10:58 – 11:05)***

**BKN024/07/2021**
**POLICY FOR WORK AND THE INSTALLATION OF SERVICES IN THE ROAD RESERVE**
**9/1/2**

Raadslid Wessels lei die item breedvoerig in. Die Direkteur Tegniese Dienste gee addisionele inligting tot die item onder bespreking.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee approve the Policy for Work and the Installation of Services in the Road Reserve.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN025/07/2021**
**EXPRESS WI-FI IN PARTNERSHIP WITH FACEBOOK MUNICIPAL PROGRAM: CELL-C**
**6/2/2/2**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in. Die Bestuurder: Administrasie (waarnemend) gee addisionele inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die “Express Wi-Fi” projek; en

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee Piketberg Hoërskool omgewing en LB Wernich Biblioteek omgewing bevestig as ligging om die steekproewe te doen vir die “Express Wi-Fi Hotspots”, onderhewig aan die radius van opvangs.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

***(Die waarnemende Bestuurder: Administrasie verlaat die vergadering om 11:37)***

**BKN026/07/2021**
**ACT NO 3 OF 2019: TRADITIONAL AND KHOI-SAN LEADERSHIP ACT 2019- IMPLIKASIES VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die brief uit Goedverwacht, van Omsendskrywe C5 en van die Wet, “Act No 3 of 2019: Traditional and Khoi-San Leadership Act 20219” (aan alle Raadslede elektronies versprei op 13 Julie 2021 deur die Munisipale Bestuurder).

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN027/07/2021**
**WAARNEMINGSROOSTER 2021/2022**
***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld sy persoonlike belang tot die item onder bespreking en die komitee neem kennis daarvan.)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die gewysigde waarnemingsrooster vir 2021/2022 goedkeur.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN028/07/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JUNE 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in en bedank al die amptenare vir die afhandeling van die verslag.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for June 2021.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN029/07/2021**
**PYPBREUKE IN PIKETBERG**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee; en

2. Dat die Staande Komitee van Tegniese Dienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN030/07/2021**
**TOESTANDE VAN DIE NETBAL BANE IN BERGRIVIER**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Tegniese Dienste; en
2. Dat die Staande Komitee van Tegniese Dienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN031/07/2021**
**SEKURITEIT BY SPORT FASILITEITE IN BERGRIVIER**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste; en
2. Dat die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN032/07/2021**
**DIE MONITORING VAN DIE KAMERAS IN BERGRIVIER**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste; en
2. Dat die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN033/07/2021**
**MEENTGRONDE IN BERGRIVIER (ELKE DORP)**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste; en

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

2. Dat die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN034/07/2021**
**SEKURITEIT BY MUNISIPALE GEBOUE EN FASILITEITE IN BERGRIVIER**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste; en

2. Dat die Staande Komitee van Gemeenskapsdienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN035/07/2021**
**GROOTTE VAN DIE ERWE VAN DIE HUISE IN HYDE SINGEL (TEEN DIE REDELINGHUYS PAD EN WAT GRENS AAN DIE PLAAS WITVLEI)**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 Augustus 2021, verwys word vir bespreking en aanbeveling na die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste; en

2. Dat die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste aanbevelings na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad maak vir goedkeuring/oorweging.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN036/07/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN037/07/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN038/07/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN039/07/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN040/07/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN041/07/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***